Waarde toegevoeg met nuwe struktuur

DIE ernstige kapasiteitsprobleme by die nasionale en provinsiale departement van landbou het die belangrikste belanghebbendes in die rooivleisbedryf, naamlik die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), die organisasie vir opkomende rooivleisprodusente (Nerpo), die Suid-Afrikaanse Voerkraalvereniging en die Rooivleisabattoirvereniging, laat besef dat samewerking nodig is om van die staat se funksies self te bestuur.

"Daar is ongelooflike potensiaal in die rooivleisbedryf. Daar sal hande gevat moet word op provinsiale én nasionale vlak in die bedryf om die potensiaal van die rooivleisbedryf te verwesenlik," het mnr. Gerhard Schutte, uitvoerende hoof van die RPO, aan *Landbouweekblad* gesê.

Derhalwe het die belanghebbendes die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) versoek om 'n Visie 2030 vir die rooivleisbedryf daar te stel.

BFAP het ook probeer om die ingrypings te identifiseer wat nodig is vir groei in die bedryf, en die nuwe statutêre heffing ondersoek om te bepaal of dit daarop geskoei is om groei te bewerkstellig.

Volgens Schutte is die proses afgehandel met uiters gunstige resultate. Hy het gesê sy organisasie steun die nuwe Visie 2030.

Hy meen die strategie is inklusief en het die potensiaal om R12 miljard tot die bruto waarde van die rooivleisbedryf by te voeg. Dit is ook in pas met die meesterplan waarop saam met al die belanghebbendes en die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling ooreengekom is.

Hy sê die rooivleisbedryf is die "slapende reus" in die Suid-Afrikaanse landbousektor. Die uitvoer van beesvleis kan van die huidige 5% tot 20% van plaaslike produksie groei.

Wat die kleinveebedryf betref, is daar ook groot potensiaal ten opsigte van lewende uitvoer vir slagdoeleindes na die Midde-Ooste, maar dieselfde geld die uitvoer van vleis. Dit kan in die toekoms tot 6% van die mark opneem.

WAARBORG VEILIGHEID EN GEHALTE

Die nuwe rooivleisgroepering RMIC (*red meat industry cluster*) het sekere funksies geïdentifiseer wat aan die bedryf gelewer moet word. Die RMIC meen dit is noodsaaklik dat vleisveiligheid en -gehalte gewaarborg kan word deur middel van vleisklassifikasie en -gradering.

Die nuwe rooivleisbedryfdiens RMIS (*red meat industry services*) gaan voortaan die volgende dienste lewer:

- Dieregesondheid.
- Navorsing en ontwikkeling met die klem op vernuwing.
- Naspeurbaarheid.
- Inklusiewe groei.
- Kwessies in die rooivleisbedryf.
- Vleisveiligheid.
- Handel (invoer en uitvoer).
- Produksie-ontwikkeling.
- Verbruikersake.



* Suid-Afrikaanse Federasie vir Lewendehawe Afslaers

SÓ LYK DIE STRUKTUUR

Die oorhoofse RMIC (red meat industry cluster) sal vier direkteure hê. Elke direkteur word deur die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), die organisasie vir opkomende rooivleisprodusente (Nerpo), die SA Voerkraalvereniging en die Rooivleisabattoirverening verkies.

Die rooivleisbedryfsdiens RMIS sal 'n uitvoerende hoof hê, vier direkteure van die primêre lede en twee onafhanklike direkteure. Dit sal ingevolge die visie vir 2030 sekere funksies verrig wat aan die bedryf gelewer moet word, soos diere- en openbare gesondheid, inklusiewe groei, marktoegang, mededingendheid en volhoubaarheid.

Dié dienste sal deur die RMIS gelewer word en dit sal intern gedoen word óf deur kontrakteurs.

Die nuwe statutêre heffing word slegs by die abattoir verhaal waar die dier geslag word. 'n Bedrag van R13 stuk sal op beeste betaal word en R2,53 stuk op kleinvee.

"Gegewe die omvang van die rooivleisbedryf is dit 'n klein heffing," sê Schutte.

Die RPO sal steeds aangewese wees op 'n vrywillige bydrae van 0,15% op omset verhandel (R1,50 op R1 000) wat deur sy lede betaal word. Die bydrae word provinsiaal verhaal en 'n klein deel daarvan word aan die RPO oorbetaal.

Die RPO vra dat boere hierdie inisiatief steun. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**
E-POS: **rpo@lantic.net** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**